

Seriously Addictive Mathematics,



die wêreld se vernaamste Wiskunde verrykingsprogram van Singapoer, is deel van Laerskool Saamtrek se skoolprogram vir alle leerders vanaf gr 1 – gr 3!



Hierdie wêreldgehalte Wiskundeprogram ontwikkel kinders se denke en het al verskeie toekennings ontvang. S.A.M is deur voormalige wiskundeonderwysers en wiskunde handboekuitgewers ontwikkel en het tot op hede meer as 160 sentrums in 20 lande, waarvan 15 sentrums in Suid-Afrika is.

S.A.M se kurrikulum en metodiek is die mees omvattende en relevante wiskunde verrykingsprogram op die mark.


Die wiskundige konsepte wat in die skoolkurrikulum aangebied word, word versterk en u kind sal in 'n koesterende omgewing met kleiner interaktiewe groepe onderrig word.

Die S.A.M program gaan vir een uur 'n week tydens skoolure aangebied word.

Singapore Math is #1 in the world

Trends in International Mathematics & Science Study

- 64 countries participated in TIMSS 2015.
- Conducted every 4 years since 1995, TIMSS 2019 results will be released at the end of 2020.



Hoekom is S.A.M so effektief?

S.A.M. Leer kinders die “hoekom” van wiskunde.

- **Bekroonde kurrikulum**

Hierdie wiskunde-program is gebaseer op Singapoer se wêreldwye, top-gehalte kurrikulum volgens internasionale opnames deur TIMSS (*Trends in International Mathematics & Science Study*) – ‘n Wiskunde konseptuele bemeesterings-toets) en PISA (*The Program for International Student Assessment*) – Assessering van probleemoplossings in die werklike lewe.

- **Klaskamerervaring**

Klasse sal in drie kleiner groepies verdeel word, waar een onderwyser met agt kinders sal werk om individuele aandag te verseker. Alle onderwysers gaan S.A.M opleiding ontvang. Ons moedig leerders aan om eerder hul eie oplossings te vind as om voorgeskryf te word. Ons onderwysers sal leerders aanmoediging deur dialoë, vrae, rekwisiëte, speletjies en voortdurende aanmoediging.



- **Die Konkrete-Illustrasie-Abstrakte** benadering word gebruik om leerders te help hierdie abstrakte vakgebied te verstaan.
 - Die konkrete stadium is die kinestetiese (doen) stadium waar kinders fisiese voorwerpe gebruik.
 - Die illustrasie-stadium is die visuele (sien) stadium waar kinders tekeninge of prente gebruik.
 - Die abstrakte stadium is die simboliese (dink) stadium waar abstrakte simbole gebruik word.

- **Werkkaarte**
Ons werkkaarte moedig kinders aan om teen hul eie tempo te werk om konsepte in te oefen deur praktiese voorbeelde te gebruik. Die S.A.M program is nie net in lyn met die kurrikulum en assesseringsbeleidsverklaring(KABV) nie maar ook Laerskool Saamtrek se wiskundejaarbeplanning.
- **Ons fokus op 21ste-eeuse vaardighede**
In terme van probleemoplossingsvaardighede, kritise denke en logiese redenering.
- **Staaftodelmetode**
Staaftodeltering word as 'n visuele benadering gebruik, wat kinders help om woordprobleme te verstaan, interpreteer en te konseptualiseer.

U kind kry 'n wonderlike geleentheid om aan die S.A.M wiskundeprogram by Laerskool Saamtrek deel te neem sodat u kind in Wiskunde kan uitblink én dit geniet!